Kreatiewe Krisis

Die ballinge het blykbaar op vasgestelde tye vergader by die kanale wat uit die Eufraat en Tigris riviere geloop het vir besproeiing van die lande (die riviere van babel). Dis moontlik dat hulle vir godsdienstige gebruike en reiniging by die lopende water van die kanale byeen gekom het om te bid en na die uitleg van die skrif te luister. Daar het hulle dan gesit en dink aan die stad, Sion/Jerusalem die stad van God – hulle was daar bymekaar as slawe en dan sou die onderdrukkers hulle hartseer uitbuit en met hulle spot om te vra dat die sionslied weer sing.

Uit die woord:

Lees Psalm 137

Maar die vraag wat ook vandag weergalm is vers 4

Hoe kan ons die lied van die Here sing in ‘n vreemde land?

Is dit nie maar ‘n vraag waarmee ek en jy ook nou gekonfronteer is nie?

Ons, is as’t ware in ‘n vreemde land en vreemde tyd en SKIELIK moet ek en jy kreatief dink oor:

Geloof, familie/gesin, werk, finansies, community, planeet, leierskap……ook oor God .

En saam met vers 5 kan ons onthou dat ons ‘n God dien wat ‘n krisis in ‘n kreatiewe getransformeerde geleentheid kan omskep – ek is glad nie naïef daaroor nie – net gelowig hoopvol.

Vra jouself in hierdie tyd hoe jy die lied van die Here kan aanhou sing in hierdie tyd. Ons lewens gaan tog daaroor om verskillende plekke in die lewe te vind om God se lied vir hierdie wêreld te ding en te leef.

Gaan wees kreatief anders!

’n Paar vrae:

Waar moes jy die afgelope skielik anders en kreatief dink? Dink aan jou huis, jou gesin, jou werk, jou finansies of jy gewone “normale” daaglikse ritme.

Waar is jy die afgelope tyd dalk uitgedaag om God se lied anders te sing?

Wees eerlik oor waar jy regtig worstel in hierdie tyd hoe jy as gelowige moet dink en optree?

Ons wil baie graag hoor wat op die oomblik in ons lidmate se harte en gemoed leef, nie net oor kerk nie maar ook oor die groter konteks. Maak kontak met ons of gee vir ons anoniem terugvoer op die webblad.

SUIDER-PAARL GEMEENTE

Wees Anders...

...Want Jesus is Anders...